

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Maart 2010 Nummer 88

INHOUDS OPGAWE

Kom luister en dink saam! ...1

Bybelse vroomheid ...2

Die plek van die seksuele opvoeding van die jong kind II (slot) ...3

God is meer as genoeg ...6

Kom luister en dink saam!

Het u onlangs na die nuwe webwerf (www.christelikebiblioteek.co.za) gekyk? Ek hoop u is saam met ons opgewonde oor die nuwe moontlikhede wat dit ons bied om die evangelie uit te dra en om saam te gaan dink oor ons taak as christene in hierdie wereld.

In die eerste plek het ons 'n projek begin waarin ons preke lys wat uitwys hoe die Psalms van Christus getuig. In 'n tyd waarin die Skrif al hoe meer uitmekaar getrek word, wil ons wys hoe die Skrif 'n eenheid vorm in Christus, en hoe dit ons aanspreek vir ons lewe met die Here vandag.

Verder wil ons al hoe meer probeer om Christelike nuus onder u aandag te bring. Annemarie Bijker skryf vir ons, en haar fokus is om gebeure aan ons bekend te maak van lande waar die Christelike kerk klein is, swaar kry of vervolg word. Ons hoop dat dit u help om konkreet voorbidding te doen vir die werk van die Here in hierdie wereld!

Ons is dankbaar vir blog-moontlikhede wat ons ook op die oomblik het. Ons wil u graag aanmoedig om deel te neem in die diskussies en om so saam te groei in ons heiliging voor die aangesig van die Here. Ons sien hoe die uniforme Christelike lewenstyl iets van die verlede is. Laat ons saam weer boustene aandra om 'n nuwe lewenstyl op te rig waaraan ons as Christene herkenbaar sal wees in hierdie wereld.

As u self enige voorstelle het, hoor ons graag van u! Kontak gerus ook u vriende, kollegas en familie om biddend saam met ons op die webwerf te soek na 'n lewe waarin God Hom kan verbly.

BYBELSE VROOMHEID

B Luiten

Regverdig en heilig

Ons hoor gereeld die woorde ‘regverdig’ en ‘heilig’. Dit is ‘n woordpaar wat onafskeidelik is. Dit is so onafskeidelik, dat as ‘n mens op die klank afgaan, dit omtrent dieselfde kan beteken. Beide woorde wys op die “lewe saam met God”. Tog is dit te oppervlakkig om te so te sien. En in ons soeke na vroomheid kan dit ons op ‘n dwaalspoor bring, veral wanneer die *volgorde* van die twee woorde uit die oog verloor of selfs omgekeer word.

Die regverdiging kom naamlik eerste. Dit is ‘n daad van God, vanwee Christus se werk, waardeur Hy ons lewe met Hom in die regte verhouding bring. As gevolg van ons sondes is die band met die Here verbreek, tog wil Hy dit herstel. Niemand sou uit homself daarvoor gevra het nie, tog wil die Here dit ongevraag doen. So maak Hy die begin. Hy kom na ons toe met die blye boodskap van die vergewing van alle skuld. ‘n Vergewing waartoe ons niks bygedra het nie en ook nooit sal kan bydra nie.

Dan sal ons baie mooi dinge sien gebeur, maar ook baie dinge wat ons sal teleurstel, sonder dat dit ons onseker hoef te maak.

Onafskeidelik hiervan word ook aan ons geskenk dat ons heilig is in Christus. Heilig is ‘n aktiewe begrip, dit wys op die volkome toewyding van mense en selfs ook van voorwerpe. Die heiligdom is ‘n plek waar God sonder ophou gedien word. So is ‘n heilige ‘n persoon wat in alle opsigte met God verbind wil wees en ook daaraan wil inhoud gee. Ook dit is nie iets wat uit onself opkom nie, maar dit kom wel *in* ons deur die Gees van Christus. Christus se volkome toewyding word ons toegereken en dit gee ons ‘n nuwe gesindheid.

Onmiskienbaar gaan regverdiging en heiliging hand aan hand. Hulle kan en wil en mag nie sonder mekaar funksioneer nie. Tog is die volgorde

belangrik: die regverdiging is en bly geheel uit God. Regverdige daade sal daaruit voortvloei, maar dit sal nooit die fondament word waarop ons staan nie. Andersom sal ons gelowige daade, as gevolg van allerhande faktore, altyd gebrekkig bly, maar daardeur word die fondament wat God gelê het, nie afgebreek nie.

Op daardie basis bou ons die huis van ons lewe, ‘n heiligdom vir God. Dit is waar die liedere opklink, waar die offers gebring word, so goed en so gebrekkig soos wat dit is. So ‘n helige lewe is ‘n wesentlike lewensvervulling, maar dit word nooit die grond van ons verlossing nie.

Daarom is dit onjuis en verwarrend om die *vaste (ontwyfelbare)* inhoud van die geloof en daarmee saam die geloofsbeleving, te soek in die resultate soos ons dit sien, by onself en by mekaar. Tog kry ek die indruk dat juis *dit* besig is om in toenemende mate te gebeur. Daar word gesoek na beleving, spontaniteit, spiritualiteit, en sekerlik mag daarna in die kerk van Jesus Christus ook gevra word.

Dan sal ons baie mooi dinge sien gebeur, maar ook baie dinge wat ons sal teleurstel, sonder dat dit ons onseker hoef te maak. Want ons sekerheid is nie in onself nie en ook nie in die ‘image’ van die kerk nie, maar in Jesus Christus die hoeksteen.

Die les van Kohlbrugge

‘n Markante uitspraak van Kohlbrugge (1803-1875) was: “Werp weg u heiligings-krukke, verre van u weg! U sal nie daarmee die berg Sion opkom nie...” Self vertel hy, dat hy hom na sy bekering ernstig toegelê het op sy lewe volgens die wet. In heiligheid het hy bo baie mense uitgestyg. Maar in hierdie vorm van heilig-wees het hy hom totaal vasgeloop. Want daarmee wou hy teen die berg Sion opklim. Dit was die krukke waarmee hy homself leer loop het, om so voor God te verskyn.

By sy tweede bekering het sy oë daarvoor oopgegaan. Hy het die krukke weggegooi om dit nooit meer te gebruik nie. Helaas het hy daarin bietjie eensydig geword, maar dit kan hier buite beskouing bly. Dit gaan vir my nou net oor daardie

Dit is makliker om die mens se verdienste te preek as Christus se verdienste, want in hoë mate verkies die mens dit so

- J Scott

krukke. Na my mening is dit eie aan ons tyd om daardie krukke weer op te soek en dit asnog te probeer gebruik. Want die eie gevoel is belangrik, die eie spontaniteit, die eie beleving en so meer. So word die kerk gemeet en so meet die mense hulself, tot hul eie verdriet. Want sekerlik mag hierdie uitings daar wees, maar as iemand eers *daardeur* werklik met God sou wandel, dan is dit ellendige heiligingskrukke waarmee niemand ooit sal regkom nie. Want ons lewensheiliging is nie ons toegang tot God nie, op geen manier nie. Daar is net èen weg die Sionsberg op, en dit is die nuwe, lewende weg deur die bloed van Jesus Christus. Langs daardie weg gaan mense wat skaars kan loop, maar hul wankelende voete word steeds weer vasgemaak.

So kry ons die Bybelse vroomheid in beeld. Die Christelike geloof bring 'n skat aan ervarings met hom saam. Maar dan wel so, dat hulle die geloof vergesel en volg, en nie aan die geloof vooraf gaan nie. Sodra die volgorde omgedraai word, maak mense hulself en mekaar onseker en ongelukkig.

Ek was onlangs by 'n begrafinis. Toe ek by die huis aankom, het daar 'n brief gelê. 'n Jong volwasse gemeentelid het my vrae gestel oor die kerk: Sien ek ook so min geloofsbeleving in die kerk? Ek het by myself gedink: ek wens dat jy ook die begrafinis bygewoon het! Dan sou jy nie die brief gestuur het nie.

Dit is so misleidend, wanneer die meetlat aan die buitekant gelê word. Iemand se optrede kan so weinig beteken (dit is wat Paulus trouens ook gepla het), maar wat sê dit oor geloof en geloofsbeleving? Is alle beleving noodwendig aan die buitekant? Moet dit op die hoeke van die strate en op die pleine gewys word, sodat almal dit kan sien? Dit is tog juis so dat die Here Jesus ons in die eerste plek binnekamer toe stuur, om daar saam met God te wees en vir Hom uit te spreek wat ons dink en wat ons voel. Andersyds kan allerhande entoesiasme ook oppervlakkig wees, al sal dit dalk meer indruk maak. Daarom is dit belangrik dat ons mekaar eers 'n slag beter moet leer ken. Dan word ons vanself versigtiger met algemene karakteristieke ten aansien van die geestelike lewe.

Die plek van seksuele opvoeding aan die jong kind II (slot)

JJD Baas

Ons het vorige keer gesien dat, ondanks die feit dat daar in die wêreld al hoe makliker met seksualiteit omgegaan word, dit vir baie ouers tog moeilik bly om openlik met hul kinders hieroor te praat.

Daar is oorsake opgesom. Moontlike oplossings is aangedra en hierdie keer hoop ons om verder hieroor na te dink.

Ons het gesien dat 'n goeie opvoedkundige klimaat by die huis een van die voorwaardes vir seksuele opvoeding is. So 'n klimaat kan 'n oop gesprek bevorder. Met hierdie opvoedkundige klimaat word naamlik bedoel dat daar by die huis openlik gepraat word, dat gevoelens verwoord word en dat die geloof 'n sentrale plek inneem. Dat daar warm, liefdevolle belangstelling is vir mekaar. Ons het ook stilgestaan by die visie op ons kinders.

Nie losmaak van die liefde nie

In die wêreld van vandag lei die seksuele gereeld 'n solo-bestaan. Dit is seksualiteit sonder 'n verhouding.

In die wêreld van vandag lei die seksuele gereeld 'n solo-bestaan. Dit is seksualiteit sonder 'n verhouding.

Seks is 'n leë dop as dit losgemaak word van die liefde. En dit is iets wat ons kinders vandag gereeld onder oë kry. Dink net aan die baie seksuele prikkels wat reklames vertoon. Dan dink ek nie slegs aan die TV nie. Kyk maar net langs die pad by die bushaltes. Dikwels is dit méér as skaamteloos soos wat die liggaam ten volle gepresenteer word. Dit word nie slegs gepresenteer nie, maar dit word opgedring. Ons moenie dink dat sulke dinge by ons kinders verby gaan nie.

Ons kinders sien dit alles raak. Ons moet hulle dan ook die verkeerde in dit alles uitwys. Toon maar aan

Let Christ be thy life, thy reading, thy meditation, thy conversation, thy desire, thy gain, thy hope and thy reward

- T a'Kempis

jou kind dat jy verontwaardig is oor soveel skaamteloosheid. Daarom moet ons ook baie selektief wees in ons TV-gebruik. Waarna kyk ons en waarna nie? As ons die TV maar net aan laat staan onder die motto: “Ons kinders moet tog weet wat daar in die wêreld aangaan”, waarmee is ons dan besig?

Kyk maar hoe word seks in baie TV-programme ‘verkoop’ sonder dat die liefde deel daarvan is.

Ons kyk ‘n film of serie kyk en dit word vir ons so spannend, dat ons bepaalde verkeerde tonele of leefwyses maar op die koop toe neem – ons kan net die daartoe kom om die af-knoppie te druk nie. Ons besef dan nie dat die vyand daarop uit is om ons in sy strik te vang nie. Want stadig maar seker raak ons aan alles gewoond. “Dit is tog nie regtig só erg nie. Hierdie een keer in die week, so iets sal mos nie te veel skade doen nie ...”

Ons sus onself aan die slaap. Onwillekeurig gaan ons selfs voetjie vir voetjie in so ‘n leefwêreld saam. Ons verslap in die stryd.

Miskien dink ons: “Ag, wat is nou die invloed hiervan op ons kinders? Hulle lê tog meestal teen daardie tyd al in die bed?”

Andersyds moet ons ook aan die kinders wys: die seksualiteit is nie alles nie. Die Liefde staan bo-aan.

Die invloed en die mentaliteit wat uitgaan van verskeie “sepies”, die konstante aanslag van advertensies, werk op ons moraal. Dit kan nie sonder gevolge bly nie.

Ons vra aan die Here God: ‘Lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bese.’ Maar wat doen onself aan ons stryd teen die bese?

Laat ons die verkeerde invloede op ons opvoeding keer, om die kinders in hulle hele lewe te rig op wat die Here wil.

U moet aan u kinders toon wat liefde is. Pa en ma

wat mekaar af en toe ‘n lekker drukkie gee (waar die kinders by is), is ‘n baie beter voorbeeld. Daar straal ‘n enorme positiewe invloed uit wanneer ouers wys dat hulle baie van mekaar hou. ‘n Kind voel baie veiliger onder sulke omstandighede.

As jy met jou kind oor allerhande dinge praat, maar in besonder oor seksualiteit, is dit die belangrikste om te wys dat die liefde sentraal moet staan. Die liefde van God staan eerste. Sonder hierdie liefde kan niemand lewe nie. Die liefde tussen pa en ma kom ook van Hom af. Liefde is om vir mekaar reg te staan, mekaar lief te hê, om na mekaar te verlang en om dit sigbaar te maak.

Die mooiste sal wees as jy jou kinders kan vertel: “As ‘n man en vrou getroud is omdat hulle van mekaar hou, dan soen en liefkoos hulle mekaar. En dan kan daar ‘n babatjie in die ma se maag begin groei. So het jy ook in die wêreld gekom. Jy is gebore omdat pa en ma lief is vir mekaar.”

Die God van liefde bou deur die liefde van die mens sy kerk! Hoe wonderlik mooi het Hy dit gemaak.

Ons houding teenoor seksualiteit

Ons eie houding teenoor seksualiteit is van groot belang. Hoe beleef u self die seksualiteit? Jy mag gerus aan jou kinders laat blyk dat julle as man en vrou dit ook geniet. Daarom het die Here God die seksualiteit ook aan mense gegee. Ongelukkig het seksualiteit, deur die sondeval ‘vuil’ geword. Die mens het deur die sondvloed die pragtige gawe van God vuil gemaak. Ons sien dit vandag in allerlei vrome van seksualiteit.

Adam en Eva het voor die sondeval nie eers agterkom dat hulle naak was nie. Hulle was nie skaam vir mekaar nie! Hulle liefde vir mekaar was volmaak.

Hoe hartseer is dit nie dat mense juis op hierdie gebied stukkend gemaak word deurdat hulle hul aan hul (seksuele) luste oorgegee het.

Kinders van die Here moet probeer om dit weer in die regte verhouding terug te bring. Een van die

**“As hulle My vervolg, sal hulle julle ook vervolg”.
Gewildheid is duidelik nie een van die kenmerke van die
ware kerk nie.**

- G Berghoef

sake wat hierin van belang is, is dat jy daarvan mag geniet as 'n gawe van God.

Aan die anderkant is dit 'n intieme saak. Die naaktheid van man en vrou is vir hulleself, nie vir die kinders nie (dink aan Levitikus 18!). Ook nie as 'n tipe 'lewendige voorligtingsmateriaal' nie. Die vrye omgang met mekaar in 'n gesin waar almal naak is, gee aanleiding vir allerhande narighede op latere leeftyd.

Andersyds moet ons ook aan die kinders wys: die seksualiteit is nie alles nie. Die Liefde staan bo-aan. Hoe moet dit andersins gaan met 'n huwelik waar een of beide van die huweliksmaats nie meer in staat is tot seksuele omgang nie?

Die kiem vir hierdie sake word reeds op 'n jong ouderdom gelê. Dit is dan des te sterker wanneer ons later op 'n natuurlike manier met die seksualiteit moet omgaan.

Oor niks bestaan daar so baie grappe soos oor die seksualiteit nie. Die sogenaamde 'skewe grappe'. As ons as ouers die seksualiteit tot 'n voorwerp van spot maak – juis oor dit waarvan ons kan sê: 'Hoe mooi het God dit gemaak!' – watter voorbeeld kry ons kinders dan daaruit?

Iets vuils, iets lagwekkends, iets onbetaamlik? Kinders is uitstekende waarnemers. Hulle weet presies hoe ouers oor die dinge dink, hulle voel dit aan. Hulle kom agter of u staan vir u woorde of nie.

Die Bybel sê ook aan ons dat ons alle snaakse, los en onkuise taal uit ons midde moet verwyder. Laat ons mekaar maar oefen in die liefde!

Wanneer vertel jy wat? En wie?

Dit is seker duidelik dat ek, wat betref die seksuele opvoeding, 'n voorstander is van 'n so natuurlik moontlike oordrag. Laat dit so veel as moontlik plaasvind binne die geheel van die opvoedkundige gesprek wat ons met ons kinders het. Ons moet dan ook sorg dat ons definitief hierdie gesprekke met ons kinders het. Moet dan nie 'n spesiale 'sittende'

gesprek daarvan maak nie.

Die natuurlike oordrag is ook van toepassing betreffende die ouderdom waarop jy met jou kinders oor die seksuele dinge praat. Gee aan die kind, ongeag sy ouderdom, gewoon antwoord op sy of haar vrae. Probeer om dit dan ook op die ontwikkelingsvlak van die kind te doen. Maar moenie dit probeer ignoreer asof dit oor iets skelms gaan nie. By jonger kinders sal dit gewoonlik makliker gaan as by die oueres. Daarby kom ook nog dat as jy dit nie van jongsaf gedoen het nie - die gesprekke met jou kinders oor liefde en seks - dan word dit slegs moeiliker met die ouer leeftydsgroep. Dit alleen is al 'n groot genoeg aanmoediging om van jongsaf met jou kinders daaroor te praat. Miskien vra hulle 'n ruk later presies dieselfde vrae, omdat hulle alles weer vergeet het. Vertel dit dan gewoonweg nog 'n keer. Dit is dan nie 'n teken dat die kind ongeïnteresseerd is nie. Intendeel, u vertel dinge aan u kind waarvan hy/sy skaars 'n voorstelling kan maak. Dit word dan minder goed in die geheue vasgevang.

Dit is beter dat die kinders dit hoor met u woorde van verwondering vir die Skepper, as dat hulle dit hoor met die onbetaamlike taal van die straat.

Daar is nog 'n rede om van jongsaf op 'n natuurlik manier met die kinders hieroor te praat. Dit is beter dat die kinders dit hoor met u woorde van verwondering vir die Skepper, as dat hulle dit hoor met die onbetaamlike taal van die straat.

En wat doen ek as my kind nooit iets vra nie? Dan sal die ouers self aanleiding moet soek om hierdie onderdeel ook in hul gesprekke met die kind na vore te bring. 'n Geboorte in die omgewing, 'n prentjie in 'n boek, 'n advertensie op die TV. Dit kan ook gedoen word deur 'n vraag aan die kind te stel: "Weet jy eintlik waar jy vandaan kom?"

En wie moet dit nou aan die kinders vertel? Pa of ma, die skool? Die bostaande maak duidelik dat die skool of 'n ander soort instansie nie die eerste aangewese plek is vir die seksuele opvoeding nie.

Evangelisasie is die normale lewe van die kerk en kan nooit 'n opsionele ekstra wees nie

- J de Blank

Dit moet by die huis gebeur. Dit moet ook in die rolverdeling tussen pa en ma op 'n natuurlik wyse aan die orde kom. In die praktyk beteken dit: As die kind sy vrae aan pa stel, moet hy tyd maak om dit te beantwoord, en as vrae oor hierdie saak aan die ma gestel word, dan sal sy die antwoord gee. Moenie dit te kunsmatig opdeel nie, soos byvoorbeeld seunsvrae vir pa en meisiesvrae vir ma. Dit neem nie weg dat moeder miskien op 'n natuurlike manier die beste die gevoelens van 'n vrou kan vertolk en die vader dié van 'n man nie. Om albei saam met jou kind te praat lewer soms ook baie mooi oomblikke op. Dan kan jy mekaar aanvul.

Die skool kan ook 'n rol vervul in die seksuele opvoeding. Dit sal veral gebeur na aanleiding van 'n gebeurtenis waarby die seks 'n rol speel: prentjies wat ontdek is of kinders met grootpraatjies. Die skool kan ook deur middel van Bybelverhale aan die seksuele opvoeding deelneem.

Dit is goed as ouers en die skool weet wat hulle van mekaar kan verwag. Dit is daarom aan te bevele dat u met die skool op 'n oueraand of 'n klasaand hieroor praat. U weet dan watter aandag die skool daaraan gee en wat hulle van u verwag.

Seksuele opvoeding is gereeld vir ons 'n moeilike opdrag. Dit mag nie rede wees om niks of spaarsamig iets daaraan te doen nie. Sorg vir 'n goeie opvoedkundige klimaat in die huis. Begin gewoonweg net daarmee. As u eenmaal oor die drumpel getree het, sal u menige ryk oomblikke met u kind beleef. Momente wat u verseker nie sou wou mis nie.

God is meer as genoeg

(N.a.v 1 Tim 6:5b-7)

J van der Linden

Het u die afgelope tyd armer geword?

Volgens God is dit nie moontlik nie. Volgens God wys die gelowige oor 'n tydperk in sy lewe *altyd* wins. *Groot* wins selfs! Sy genieting is oorvloedig, sy versameling word net groter. Armoede is in wese nie iets wat met hom ge-assosieer kan word nie.

En daarom die vraag: Het ons werklik ryker geword? Of was ons eintlik voor hierdie ekonomiese moeites al arm, sonder dat ons dit miskien besef het?

Groot wins

Paulus ken ook die werklikheid dat alles net in rande en sente gemeet word. Hy skryf daarvoor aan Timoteüs (1 Tim. 6:5). Mense wat gedryf word deur die vraag: hoeveel wins kan ek maak? Hulle gebruik die saak van Godsvrug (Godsaligheid) om hulself te verryk. God-gebruikers! God wat my moet help om die wêreld en alles daarbuite te geniet. God wat my instrument word om die lewe te kan geniet. Daar is wins te make in die godsdiens-besigheid!

Teenoor die God-gebruikers stel Paulus die God-genieters! My rykdom in die lewe is die gawe van God aan my, Sy eie geliefde Seun.

Ons sou verwag dat Paulus 'n paar sterk woorde hieroor te sê het. Hoe kan mense so wins-bejag wees? Asof die lewe daarvoor sou gaan!

En tog, Paulus sê dat Godsvrug en wins inderdaad alles met mekaar te make het (1 Tim. 6:6). Hy versterk dit selfs: Godsvrug het te make met *groot* wins. Godsvrug maak ryk!

Die geheim

Die tema van die Godsvrug en wins het dus gebly, maar vir die res sê Paulus presies die omgekeerde van hierdie God-gebruikers. Vir hulle was die

Wie hom waarlik bekeer, maak hom los van individualisme en kom huisves hom in die kerk

- H Drost

Godsvrug ‘n instrument tot wins, vir Paulus *is* die Godsvrug die wins! Die wins hoef nie nog omgesit te word in iets om my lewe beter te maak nie. My groot wins hou in dat ek Iemand omhels!

So het Paulus immers die geheim van die Godsvrug omskryf in dieselfde brief aan Timoteüs (3:16). Jesus Christus en die vrug van sy werk, dit is die diepste wese van ons Godsvrug. Wie Hom omhels *is* Godvrugtig en *het* groot wins.

Teenoor die God-gebruikers stel Paulus die Godgenieters! My rykdom in die lewe is die gawe van God aan my, Sy eie geliefde Seun. My rykdom is om Christus en al sy weldade te geniet. My rykdom is dat ek ‘n almagtige en goeie Vader gekry het. My rykdom is om te lewe voor die aangesig van die God aan wie alle heerlijkheid in die hemel en op die aarde behoort. My rykdom is in Hom!

Want my genoegsaamheid lê nie in my omstandighede nie, maar dit lê in my onveranderlike God.

My rykdom is dat ek deur hierdie God *besit* word. Sy eiendom! Hy het my as ‘n groot wins beskou, en duur daarvoor betaal. En dit is Hy wat sy goeie werk in my voortsit en Sy vrug in my uitwerk. Ja, so ver strek sy goedheid, dat hierdie vrug (Sy vrug!) ook nog beloon sal word. Sy vrug sal ook nog as *my* wins gereken word. Skatte in die hemel! Wie sou ooit hierdie wins kon bereken? Geen geld in die wêreld wat dit kan koop nie!

In ewigheid

Wie nou die vergelyking trek tussen die Godgebruikers en die Godvrugtiges verstaan waarom slegs die Godsvrug *groot* wins lewer. Paulus stel die wins van die Godgebruikers selfs nog in ‘n ander lig: Kan dit ooit wins genoem word?

In vers 7 stel hy die saak van wins in die lig van die ewigheid. Ons het met geen besittings in die wêreld gekom nie, ons sal ook sonder besittings hierdie wêreld verlaat. Wat het dan werklik waarde? Dit is tog alleen dít wat ek saam met my neem tot in ewigheid? Slegs dit kan wins genoem word wat deur die ewige God en Regter as wins

beskou word.

Oorsaak en gevolg

Nou is dit opvallend dat Paulus saam met die Godsvrug ook “vergenoegdheid” noem as ‘n saak van groot wins. “*Godsvrug saam met vergenoegdheid is ‘n groot wins*”.

Sommige lees dit asof Paulus hier oor twee afsonderlike sake sou praat. Iets in die lyn van: “Daar is Godsvrug, en dan moet ek ook nog tevrede wees met wat ek het, en dan sal dit vir my as ‘n groot wins gereken word”. Die gevolg hiervan is dat ek allerlei stryd-tegnieke aanwend om te leer om tevrede te wees. Byvoorbeeld totale passiwiteit: ek laat alles net oor my kom, en reageer op niks. Of harde verbreking van my begeertes. Of myself toesluit van die lewe rondom my. Of myself tevredenheid “inpraat”.

Maar, kry ek dan die egte tevredenheid? Die dankbare en gelukkige wete en gevoel dat die lewe vol en goed is. Kry ek so die lied in my hart wat getuig van rus en blydschap?

Veel eerder moet ons sien hoe die vergenoegdheid bepaal word *vanuit* die Godsvrug. Kyk hoe ryk is so ‘n Godvrugtige lewe! Ek mag deel in die heerlijkheid van die “Koning van alle konings en die Here van alle here” (vers 15). Ek het ‘n Vader, ‘n Verlosser en ‘n Trooster – wat meer kan ek begeer? In ‘n wêreld waar daar soveel aardse rykdom te vinde is, begeer ek niks buiten U nie (Ps 73).

So werk God tevredenheid in my: deurdát ek my al hoe meer op Hom rig. In die lig van sy goedheid en liefde, sal my eise en meesleurende begeertes wegval. Tevrede soos ‘n kind by sy moeder, so het my vraatsige hart tot ruste gekom. Hy wek in my ‘n lied, omdat alles wat ek het en nie het nie, sy Vaderhand oor my lewe gebring het.

“*Godsvrug saam met vergenoegdheid*” – oorsaak en gevolg. Vanuit die Godsvrug kan ek genoeg neem met wat in my lewe is.

Genoeg

En dit is presies waaroor dit gaan in die christen se lewe: om genoeg te *neem*. Vergenoegdheid in die wêreld is om genoeg te *hê*. En dit is altyd een tree

Not all who know about God actually experience God, but those who do experience God will always first know Him

- HC Hanko

verder. Hoeveel is genoeg? Net 'n bietjie meer... In die lewe met God *neem* ons vergenoegdheid. Ons neem ons lewe net soos dit is. En so is dit genoeg.

Dit gaan hier in ons konteks juis heel spesifiek oor geld en besittings. Dus, of ek nou finansiëel ryker of armer geword het. Dit is genoeg so.

Straatarm – net kos en klere. Ek kan dit sing: Dit is genoeg so!

Want my genoegsaamheid lê nie in my omstandighede nie, maar dit lê in my onveranderlike God. My wins hou in, dat ek diep gelukkig kan wees met min. Die groot profyt van my lewe beteken dat ek enorme verliese kan hanteer. “*Nogtans* sal ek jubel in die Here...” (Hab 3).

Tevredenheid is: Godsvrug toegepas in my praktiese situasie. Omgekeerd: Egte Godsvrug sal in my huidige situasie veral sigbaar word in vergenoegdheid. Immers, God Self is vir my meer as genoeg!

Fokus op God

Almal praat op die oomblik oor die huidige finansiële situasie. Ons praat oor hoe dit ons raak en wat ons alles moet prysgee. Ons praat van die feit dat “almal op die oomblik swaarkry”. Dit is 'n onderwerp waarvan ons gees duidelik vol is, gemeet aan die hoeveelheid kere wat dit na vore kom. Maar wat sit hieragter? Hoekom praat ons so baie daaroor? Noem ons maar net feite vir mekaar, of leef ons tog in 'n sekere vrees en ontevredenheid?

Kom ons vra die omgekeerde: Word die kerk van Christus in hierdie moeilike tyd *gekenmerk* deur tevredenheid en dankbaarheid? Is dit hoe ons as kinders van God herken word op die strate, deurdat ons juis in hierdie tyd tevredenheid uitstraal? Of praat ons maar saam met die res?

Miskien is dit tog goed dat ons onself hierin ondersoek. Want daar is 'n duidelike waarskuwing in 1 Timoteüs 6. Die God-gebruikers was juis leermeesters wat hulleself (in die kerk!) besig gehou het met onbenullighede (vers 3-5). Grootse Skrifondersoek, maar sonder om die lewe met God daarin te soek. En juis daarom kon hulle nie

Godsvrug saam met tevredenheid sigbaar maak nie, maar het hulle saam met die wêreld geloop in gierigheid en ontevredenheid.

Soek ons werklik in en deur die prediking die lewe met God Self? Is die gesonde leer ook gerig op die Godsvrug? Praat ons met mekaar oor wie die *Here* is? Is ons fokus so op God as Persoon?

Miskien dat die Here ons in hierdie tyd juis armer maak, sodat ons weer ryker kan word! Het ons nie miskien God se tugtigende hand hierin nodig nie? Immers, dit was omdat God nie genoeg was nie, dat die satan as engel geval het. Dit was omdat God nie genoeg was nie dat Adam en Eva geval het. Dit was ook die rede hoekom die volk in die woestyn gemurmureer het. Dit is hoekom die kerke vandag leegloop. Is ons huidige situasie nie (onder andere) 'n tugtiging van God oor ons lewe nie? En van so 'n tugtigende hand wil ons tog nie wegvlug omdat ons beter finansiële omstandighede soek nie?

Vir hulle was die Godsvrug 'n instrument tot wins, vir Paulus is die Godsvrug die wins!

Juis daarom gaan ons in hierdie tyd ook nie fokus op die moeilike finansiële omstandighede en hoe ons in hierdie tyd kan sorg dat ons genoeg het nie. Ons gaan fokus op die Godsvrug *sodat* ons genoeg het.

Ons gaan nie die sommetjies maak oor hoe ons lewe swaarder geword het nie, maar ons gaan mekaar bemoedig om die lewe met God weer 'n fees te maak - 'n fees wat elke dag geniet kan word!

Ons gaan rus in die wete, dat my volle tevredenheid nie een stap verder lê (soos in die wêreld) nie, maar by Hom wat elke dag weer na my toe kom in sy liefde en genade.

En in 'n toekoms wat angstig lyk, hou ek vas aan die belofte: God is meer as genoeg!

Niks kan ons skei van die liefde van God nie. Maar daar is miljoene dinge wat God kan skei van ons liefde

- W Riggins